tuin van digters

# wanatoe

## wellington 12 & 13 september 2025

breytenbachsentrum

die tuiste van die Afrikaanse digkuns word moontlik gemaak deur
Dagbreektrust se trust vir kuns, kultuur en erfenis in samewerking met NB Uitgewers

TUIN VAN DIGTERS 2025

# wanatoe

**As jy 'n koorspen teen die Afrikaanse letterkunde hou?**

**"'n Bietjie koorsig, waarskynlik van drankmisbruik en bewerige senuwees, maar so gesond en kragtig soos 'n perd."**

**– Breyten Breytenbach (Rapport, 24 Maart 2008)**

Kunswerk op voorblad: Ysterkoei deur Marinda du Toit

Breyten Breytenbach het in 2024 in 'n laaste e-pos aan die Breytenbach Sentrum oor Afrikaans en die letterkunde se pad vorentoe geskryf:

"daar behoort veel meer koördinasie te wees (deel van moontlikhede, ens.) veral ook tussen feeste. En "in diepte nadenke van waarmee mens nou eintlik besig is, en hoekom, en waarnatoe".

Vandaar die tema ***wanatoe***.

# Die hand vol vere

Mammie
ek het gedog
as ek eendag huis toe kom
sal dit onverwags so teen skemerdag wees
met jare se opgegaarde rykdom
op rûe van ysterkoeie
dis nog blouerig
ek maak sjuut die agterplaas-hek oop
ou Wagter knorblaf
Maar stert-herken my dan
Fritz Kreisler sal soet op sy viool speel
ma weet mos
sulke Weens walse …

© Breyten Breytenbach

(Uit Breyten Breytenbach se derde bundel, **Kouevuur**, Buren, Kaapstad,1969)

"Oor presies wat 'n 'gedig' is, word daar al eeue lank gekibbel. Vir my is daar rofweg drie kenmerke wat in verskillende verhoudings in elke gedig voorkom: Die vooropstelling van die taal, die gebruik van metafore en ander stylfigure, en 'n uitbuiting van die ritmiese aspekte van taal."

– Johann de Lange (Rapport, 9 Februarie 2013)

"Die Afrikaanse poësie laat die leser met verwondering, en met blydskap, met hernieude lewensdrif, met opstand en vergiffenis. Bo alles met dankbaarheid oor 'n wonder wat nog steeds aan die gang is en waarvan die einde nog lank nie in sig is nie."

(Uit André P. Brink se inleidings tot die laaste driedelige uitgawe van **Groot Verseboek**, Tafelberg, 2008)

## PLEK VAN DEELNAME EN DEELWÓRD

**16:30 – 16:55 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Curtus van Kerwel en musiekstudente*

Luister na die musiekklanke van Curtus van Kerwel, aanbieder van professionele musieklesse in die Breytenbach Sentrum, en sy studente uit die plaaslike gemeenskap en elders.

## 'DIE KUNS OM JOU STEM TE VIND'

**17:00 – 17:45 | Lategan's Woordtent**
**Aangebied deur Naledi**

*Met: Elsibe Loubser McGuffog en studente*

'The Art of Finding your Voice'/ Die Kuns om jou Stem te vind': Elsibe Loubser McGuffog, skrywer, opvoeder en direksielid van die Breytenbach Sentrum, gesels oor werkswinkels in die digkuns wat sy op versoek van die Suid-Afrikaanse Raad vir Engelse Opvoeders (SACEE) by Iziko Slave Lodge in Kaapstad aangebied het. Al stel SACEE belang in opleiding en sorg vir Engelse onderwysers, is die werkswinkels geskik vir dig in enige taal. Deelnemers aan die werkswinkels sal van hulle gedigte voorlees.

## FEESUITSTALLINGS: GEE, AANGEE: NOOIT OPGEE en WANATOE? SOENTOE

**18:00 – 18:45 | ATKV Akkoordtent en Digterstuin**

*Openingspreker: Marí Borstlap, regisseur, aktrise en ontwerper. Sy het onder meer die regie gedoen van **Onder 'n Bloedrooi Hemel** en van Breyten Breytenbach se laaste drama, **Verwelkingslied**, by vanjaar se Suidoosterfees.*

Daar is twee uitstallings. Vir GEE, AANGEE: NOOIT OPGEE, in die Breytenbach Galery is gevestigde kunstenaars deur die hoofkurator, Anne-Ghrett Erasmus, en die kunstenaar Louis Jansen van Rensburg genooi om 'n visuele gesprek te voer met Breyten Breytenbach. Kunstenaars kon Breyten se digkuns én skilderkuns as vertrekpunt en inspirasie gebruik om kunswerke te skep wat Breyten se nalatenskap eer, erken en verder neem.
Vir WANATOE, SOENTOE in die Cloete Gemeenskapsgalery het Anne-Ghrett en Marieke Kruger, kunstenaar, onderwyser en lektor, jong, ongevestigde kunstenaars van die toekoms geïnspireer en leiding gegee. Kruger het 'n keuse van haar top oud-studente van verskillende instansies genooi om deel te neem aan hierdie uitstalling om die pad vorentoe ná Breyten in hulle kuns aan te dui. Bespreek by Anne-Ghrett Erasmus Coetzee by 083 415 0002

## MAMMIE, EK HET GEDOG AS EK EENDAG HUIS TOE KOM

**19:00 – 19:50 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Ilana de Vlakte van die Kalahari*

Ilana, die Vlaktekind van Aranos in die suide van Namibië, het feesgangers by verlede jaar se Tuin van Digters in vervoering gehad met toonsettings van haar eie sowel as gedigte van Ingrid Jonker. Vanjaar gaan nie 'n uitsondering wees nie, die keer met toonsettings van gedigte van Breyten Breytenbach sowel as van haar eie.

## JOHANN DE LANGE: HULDIGING

**20:00 – 20:45 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Daniel Hugo, Chris van Niekerk (en Johann de Lange)*

Die digter Johann de Lange wat op 27 Maart 2025 in die ouderdom van 65 "in sy stoel" aan natuurlike oorsake oorlede is, is die digter wat vanjaar by Tuin van Digters gehuldig word. Dr. Daniel Hugo, digter en vertaler, bring hulde aan Johann en wys ook 'n besonderse video-onderhoud wat hy met hom gevoer het. Die akteur Chris van Niekerk lees van Johann se gedigte voor sowel as twee gedigte aan Johann deur Joan Hambidge.

## YSTERKOEI TOT REËNWOLF: SONGS, STORIES EN GEDIGTE

**21:00 – 22:00 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Danie Reënwolf du Toit en Johan du Toit*

Danie du Toit, wie se eerste rockgroep op skool in die Paarl se naam Ysterkoei was (genoem na Breyten Breytenbach se eerste digbundel ***die ysterkoei moet sweet***), en sy pa, Johan du Toit, klim op dieselfde verhoog. Johan lees gedigte uit sy eerste digbundel, ***Nagmaal by die huis***, wat in 2024 verskyn het en Danie sing ou en nuwe toonsettings soos net hy kan. Die tent se dak lig dalk net.

"Poësie is 'n **dans** met die **bonatuurlike,**
nie omdat dit buite ons is nie, maar omdat ons altyd daardie donkertes in ons gaan hê wat ons waarskynlik net kan betrek op 'n byna ritmiese omgang daarmee."

**– Breyten Breytenbach (Die Burger, 1 Maart 2013)**

"Dit gaan moeilik wees om die omvang van sy bydrae tot die artistieke en intellektuele landskap van Suid-Afrika na waarde te skat."

- Louise Viljoen, akademikus, Universiteit Stellenbosch

**"'n Taal kom tot stilstand. Hy was 'n natuurtalent, 'n natuurkrag."**

– die skrywer Etienne van Heerden (Die Burger, 25 November 2024)

"His words, his paintings, his imagination, his resilience will continue to guide us."

– Breyten Breytenbach's daughter, Daphnée Breytenbach
(ENCA, 24 November 2024)

# #altydbreyten

Kunswerk: Die Sestigers I en II deur Strijdom van der Merwe



## MEER DIGDINK IS NODIG

**08:15 – 08:55 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Afrikaanse leerders van die Weltevrede Sekondêre Skool in Wellington*

Die Afrikaanse onderwysers Ashlene Ayford en Marlize Fortuin se leerders dra hulle gedigte voor oor hulle leefwêreld. Die skryf van die gedigte is deel van 'n gesamentlike leer- en helende proses vir hulleself en almal wat saam met hulle leef.

## STRIK, ONTBLOOT, DWAALDAE EN DAWERENDE STILTES

**09:00 – 09:55 | Lategan's Woordtent**
**Aangebied deur Turksvy Publikasies**

*Met: Vier digters praat oor hulle bundels*

Gerhard Barkhuizen ***(Strik)*** gesels met drie vrouedigters, Marthé McLeod ***(Ontbloot)***, Andrea Sieberhagen ***(Dwaaldae)*** en Caren Kearley ***(Dawerende Stiltes)***, en hulle met hom.

## WASSERMAN, PEDRO EN PEDRO

**10:00 – 10:55 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur NB Uitgewers en Turksvy Publikasies**

*Met: Prof. Bernard Odendaal, Herman Wasserman, Jadrick Pedro en Ryan Pedro*

Prof. Bernard Odendaal gesels met die akademikus en oud-joernalis Herman Wasserman oor sy debuutbundel ***Waterman*** en ook met Jadrick Pedro (***Lostorring)*** en Ryan Pedro ***(Prins)*** oor hulle digbundels.

## MARLISE JOUBERT: AS EK 80 WORD

**11:00 – 11:55 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur Protea Boekhuis**

*Met: Marlise Joubert en Joan-Mari Barendse*

Dit is vanjaar die bekroonde digter Marlise Joubert se 80ste verjaarsdag. Om die geleentheid te vier, het Karen de Wet 'n keuse uit Joubert se digbundels saamgestel. Die versamelbundel ***Atrium*** bevat gedigte uit haar 11 gepubliseerde bundels (1970-2023), asook nuwe, ongepubliseerde gedigte. Dr. Joan-Mari Barendse, redakteur by Protea Boekhuis en redakteur van ***Atrium***, gesels met Marlise.

## STEENBOK TOT POOLSEE

**11:00 – 11:55 | Lategan's Woordtent**
**Aangebied deur Turksvy Publikasies**

*Met: Jerzy Koch en Daniel Hugo*

Die digter en vertaler, Daniel Hugo, praat met Jerzy Koch, Poolse letterkundige, vertaler, akademikus en digter, oor sy tweede Afrikaanse digbundel, ***Polkadraai***, en oor sy besondere verhouding met Afrikaans en Suid-Afrika.

## GAIREYAH SE GEDIG VIR BREYTEN

**12:00 – 12:55 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Diana Ferrus, Gaireyah Fredericks, Theresa Carstens, Merle Danhouse, Sophia Oliphant, Fiona Fertyn en die Mengelmoesdigters*

Die pryswennende protesdigter Diana Ferrus, stigter van die Mengelmoesdigters by die Breytenbach Sentrum in 2012, en van dié digters gesels oor hulle jongste gedigte. Een van die "Mengelmoesers", die digter en skrywer Gaireyah Fredericks, wat verskeie pryse insluitende die Eugène Marais-prys gewen het, dra 'n huldigingsgedig voor wat sy vir Breyten Breytenbach geskryf het.

## OPEN MIC: TOEKOMSWOORDE

**12:00 -13:00 | Lategan's Woordtent**

*Met: Deon Meiring van die jeugdireksie van die Breytenbach Sentrum, en die Breytens van die toekoms*

Die jeugdireksie van die Breytenbach Sentrum nooi enige digter of voornemende digter met gedigte in die onderste laai of in die kop om dit op die verhoog van die Woordtent te kom voordra of voorlees. Whatsapp vir Deon by 082 464 7897 of e-pos deonmeiringvideos@gmail.com.

## DIE HELFTE IS JOU NIE VERTEL NIE

**13:00 – 13:55 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur Naledi**

*Met: Thérèse Bartman en Quintin Goliath (Jitsvinger)*

In **Die helfte is jou nie vertel nie** verken Thérèse Bartman (Hulme) beide die noodsaaklikheid én beperkings van die geskrewe woord. Sy keer ook terug na die orale, klankryke tradisie van poësie – veral as dit gaan oor die ervarings van mense wat nie kon lees of skryf nie, of wat stemloos gemaak is.

Daarom het Thérèse met Jitsvinger saamgewerk om 'klankbane' te skep vir elf van haar gedigte. In haar poësie gaan Thérèse die onvertelde Suid-Afrikaanse geskiedenis in. Sy besin oor die ervarings van vroue en kinders in die Suid-Afrikaanse Oorlog, asook dié van haar eie voorouers.

Sy wil deur haar poësie ook van die huidige traumas wat jong mense raak, sigbaar maak, en haar eie ervarings van verbintenis en verlies.

## TROOS IN LEWE EN IN STERWE

**13:00 – 13:50 | Lategan's Woordtent**
**Aangebied deur Turksvy Publikasies**

*Met: Daniel Hugo en Wium van Zyl*

Wat is jou enigste troos in die lewe en in die sterwe? In sy digbundel met die titel ***Kategismus*** probeer die digter en vertaler Daniel Hugo die vraag op sý manier beantwoord. Wium van Zyl, emeritus professor in Afrikaans en Nederlands, se tweede bundel ***Poëme***, het pas verskyn, 34 jaar ná sy debuutbundel ***Oggendvuur***.

## HIENATOE: PANEELBESPREKING

**14:15 – 15:00 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur PEN Afrikaans**

*Met: Danie Marais, Alwyn Roux, Keith Oliver Lewis, Klara du Plessis, Diana Ferrus en Ryan Pedro*

In hierdie bespreking, met Danie Marais as fasiliteerder, belig digters die feestema "wanatoe" en gesels oor die toekoms van die Afrikaanse poësie, met spesiale aandag aan nuwe wisselwerkings, temas en stemme wat die digkuns vorentoe dra. Hulle lees ook gedigte voor.

## BRIXTON UITGEPROP

**15:15 – 16:00 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Andries Bezuidenhout en Gerhard Barnard*

Die sanger, digter, kunstenaar, akademikus en Breyten-gespreksgenoot, Andries (Roof) Bezuidenhout, sing van sy eie nuwe toonsettings, 'n paar Koos du Plessis nommers, asook liedjies uit jare gelede van die Brixton Moord en Roof Orkes. Kapelaan Pat Plank, ook bekend as die beeldhouer Gerhard Barnard, is saam met hom op die verhoog as die akoestiese weergawe van Moord en Roof se kitaarslaner.

## MERANG VIER AFRIKAANSE DIGKUNS

**16:00 – 16:55 | Lategan's Woordtent**
**Aangebied deur Naledi**

*Met: Alwyn Roux en Neil Cochrane*

Die digter en akademikus Alwyn Roux en Neil Cochrane, medesamestellers van ***Merang***, gesels oor hierdie versamel-bundel. Dit is nie net "'n kopknik aan die eeufeesviering van Afrikaans se amptelike status nie. Dit gaan primêr om die viering van die Afrikaanse digkuns en dien as 'n inventaris van hoe en waaroor hedendaagse Afrikaanse digters dig". Van die 182 digters wie se gekeurde gedigte in ***Merang*** opgeneem is, sal ook teenwoordig wees.

## DIE RITME EN KLANK VAN EK'T ACT

**17:00 - 17:50 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Klara du Plessis en Alwyn Roux*

Alwyn Roux, digter en medeprofessor (in kreatiewe skryfkuns en literatuurwetenskap by die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan Unisa), tree in gesprek met die Suid-Afrikaans-Kanadese digter en akademikus, Klara du Plessis. Sy is die outeur van vyf bundels waarvan haar nuutste, die tweetalige ***Ek't Act***, bekendgestel word. Dit is 'n bundel "wat voorgedra wil word om in ritme en klank, 'van liggaam tot lig,' te resoneer."

## #ALTYDBREYTEN GISTER, VANDAG, MÔRE

**18:00 – 18:50 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Laurinda Hofmeyr, Ilana de Vlakte, Schalk Joubert*

Voorlesings en sang van getoonsette gedigte van Breyten Breytenbach deur Ilana de Vlakte, Laurinda Hofmeyr en Schalk Joubert op baskitaar.

## ONS KLYNTJI 2024 – AMPTELIKE BEKENDSTELLING

**19:00 – 20:00 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Toast Coetzer en digters*

Die Tuin van Digters is die afgelope jare die plek waar Ons Klyntji sy jaarlikse alternatiewe, veeltalige zine – wat gedigte, kortverhale, fotografie en comics publiseer – bekendstel. Kom luister hoe digters en skrywers hulle gedigte en verhale voorlees.

## INGRID JONKER-PRYS

**20:15 – 20:55 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur Dagbreek Trust**

*Met: Danie Marais, Vincent Oliphant (Ingrid Jonker-pryskomitee) en Astrid de Vos (Uitvoerende Trustee van die Dagbreek Trust), en die wenner van die Ingrid Jonker-prys, Jaco Barnard-Naudé.*

Die Ingrid Jonker-prys vir 'n Afrikaanse debuutbundel word oorhandig aan vanjaar se wenner, Jaco Barnard-Naudé (***om my kastele in Spanje te sloop***). Bundels wat in 2023 en 2024 gepubliseer is, het in aanmerking gekom. Die ander digters op vanjaar se kortlys was Tom Dreyer (***nou in infrarooi***) en Alwyn Roux (***weerskyn***).

## DIE LEWE WAS NOG ALTYD OM TE DANS

**21:15 – 23:00 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Digters, musikante en toonsetters*

Digters, sangers, liedjieskrywers, musikante en vriende en kennisse van die nag van Breyten Breytenbach sluit die 14de Tuin van Digters af met woorde en klanke. Soos Breyten in sy gedig Maanplant skryf: "Die lewe was nog altyd om te dans".



“Ek het ’n ideale leser in gedagte wanneer ek skryf, maar die éérste leser van my gedigte is ek self – dís wie ek in die eerste plek moet tevrede stel, en ek is baie hard op myself.”

**– Johann de Lange (LitNet, onderhoud met Bibi Slippers, 2011)**

# “Die skrywerswêreld

## is eintlik ’n onnatuurlike een, waar niks taboe is nie. En dan vergeet jy die buitewêreld werk anders.”

- Johann de Lange

**“’n Mens moet voortdurend bewus bly dat die publiek jou werk anders gaan ervaar as jy self.”**

- Johann de Lange

Kunswerk: Die Sestigers I en II deur Strijdom van der Merwe

# JOHANN DE LANGE

**Daniël Johannes de Lange is op 22 Desember 1959 in Pretoria gebore. Ná matriek in 1977 aan die Hoërskool Hans Strijdom op Naboomspruit is hy na die Universiteit van Pretoria, maar het in 1980 sy studies weens persoonlike probleme gestaak. Hy gaan werk later by 'n boekhandelaar in Pretoria, asook by Exclusive Books in Kaapstad.**

Johann debuteer in 1982 by Human & Rousseau met **Akwarelle van die dors**. Hierdie bundel word in 1982 met die Ingrid Jonker-prys bekroon. Daarna volg **Waterwoestyn** (1984), **Snel grys fantoom** (1986), **Wordende naak** (1988), waarvoor hy die Rapport-prys vir Poësie in 1990 ontvang, **Nagsweet** (1991), **Vleiswond** (1993) en **Wat sag is vergaan** (1995). Johann is saam met Antjie Krog die samesteller van **Die dye trek die dye aan**: **verse oor lyflike liefde** (1998) en ook **Soort soek soort**: **'n versameling alternatiewe ervarings** (1997).

Oor **Snel grys fantoom** skryf Joan Hambidge in Die Burger van 10 Desember 1986 dat dit 'n indrukwekkende en kragtige bundel is wat Johann as toonaangewende digter van die jare tagtig vestig. Met die publikasie van **Wat sag is vergaan** in 1995 kan 'n mens, met die kennis van die hede, dit die einde van Johann se eerste tydperk as digter noem. Sy volgende bundel, **Die algebra van nood,** verskyn eers in 2009.

Johann se eerste kortverhaalbundel, **Vreemder as fiksie**, verskyn in 1996. Sy tweede kortverhaalbundel, **Tweede natuur**, is by Homeros uitgegee, 'n afdeling van Tafelberg Uitgewers vir Afrikaanse gay boeke.

'n Nuwe bundel poësie, **Die algebra van nood**, verskyn in 2009, en daarmee verbreek Johann 'n digterlike stilte van dertien jaar. Daarna word **Judasoog: 'n keur uit die gedigte van Johann de Lange** deur Johann self saamgestel. Naas gedigte uit sy agt digbundels sedert sy debuut met **Akwarelle van die dors** in 1982 is daar ook 'n tiental nuwe verse aan die einde ingesluit.

## Die meeste sterre is lankal dood



Terwyl Johann aan verse gewerk het wat uiteindelik sy volgende bundel sou word, het hy besluit om kwatryne te skryf. Hy het die bestes uitgesoek en Protea Boekhuis publiseer dit as **Weerlig van die ongeloof**. In 2012 word sy derde bundel sedert **Die algebra van nood** gepubliseer. Die titel is **Vaarwel, my effens bevlekte held**. In 2014 verskyn **Stil punt van die aarde**, sy vierde bundel met nuwe verse sedert 2009. In 2016 verskyn **'n Hunkering se grein** by Human & Rousseau. In 2017 publiseer hy **Gulp** met die subtitel **Kaapse paragrawe 1993-1999**. Dit bevat inskrywings uit sy dagboeke.

Johann is in 2013 ná meer as 15 jaar weg by Exclusive Books. Hy het vryskutwerk gedoen en was van 2017 by die AVBOB-poësiekompetisie betrokke waar hy tot met sy dood hoofredakteur was.

In 2020 publiseer Human & Rousseau Johann se bundel **Die meeste sterre is lankal dood** en dit word in 2021 bekroon met die ATKV-Woordveertjie vir Poësie, sowel as met die Sala-prys vir poësie vir 2021. Johann het egter die Sala-prys van die hand gewys. Teen die einde van 2020 verskyn sy tweede bundel kwatryne by Naledi onder die titel **Duimnaelsketse** en in 2024 sy derde, onder die titel **Miniatuur.**

Johann is op Donderdag 27 Maart 2025 op 65-jarige ouderdom aan natuurlike oorsake in Kaapstad oorlede.

(NOTA: Hierdie is 'n verkorte weergawe van Erika Terblanche se omvattende ATKV/LitNet-Skrywersalbum op LitNet (7 April 2025) oor Johann de Lange. Lees die volledige skrywe by litnet.co.za/johann-de-lange-1959.)

Foto: Maryna Cotton/AVBOB Poetry Project

**“Skerp is wat Johann was.**

## Woordskerp. Oogskerp. Oordeelskerp.

**En ’n onfeilbare detector van lui of gewaande werk. Hy was altyd daar, bereikbaar, ’n kolos in sy eensaamheid ... ek sal hom mis, baie mis.”**

– Antjie Krog (Netwerk24, 29 Maart 2025)

“Johann de Lange was die belangrikste digter van sy generasie, die sogenaamde Tagtigers. Hy het sy buitengewone vaardigheid aangewend vir nuwe en uitdagende (gay)-temas.”

– Daniel Hugo,
digter en redakteur van Johann de Lange se huldigingsbundel
(Netwerk24, 29 Maart 2025)

“Natuurlik was die digkuns allerbelangrik vir Johann, maar nie belangriker as die lewe self nie. Sy soeke was altyd na die plesier en bevrediging wat die lewe self soveel beter kan verskaf.”

– Hans Pienaar

Kunswerk: Gedig vir die natuur deur Strijdom van der Merwe

## INGANG NA TUIN VAN DIGTERS

Die ingang na die hoofgebou is by Burgerstraat 14.

Daar is twee tente by Tuin van Digters, die **ATKV Akkoordtent** en die **Lategan's Woordtent**.

Wyn en ander drank is in die ATKV Bôrdienghuis-teater te koop en eetgoed by stalletjies op die terrein sowel as koffie by 'n koffiestasie op die terrein.

## BOEKSTALLETJIE

Bargain Books Paarl, Protea Boekwinkel en Naledi het boekstalletjies waar digbundels en ander publikasies wat onlangs en vroeër verskyn het, gekoop kan word. The Book Traders-boekwinkel in die hoofgebou het ook 'n uitsonderlike versameling tweedehandse boeke.

## VERDERE NAVRAE

Breytenbach Sentrum, Burgerstraat 14, Wellington.
Kontak ons by 066 289 2212 of per e-pos by info@breytenbachsentrum.co.za.

## HIENATOE VIR HULP

**Francois Lötter**
**Hooforganiseerder**
083 408 1902
flotter@gmx.com

**André Terblanche**
**Sentrumbestuurder en logistiek**
**Kaartjies en besprekings**
076 147 8300

**Danie Marais**
**Seremonieleier**

**Deon Meiring**
**Skakeling met deelnemers**
082 464 7897

**Jessica Ruiters**
**Administrasie en noodhulp**
066 289 2212
info@breytenbachsentrum.co.za

ATKV

**Anne-Ghrett Erasmus Coetzee**
**Breytenbach Galery en verblyf**
083 415 0002
galery@breytenbachsentrum.co.za

**Esther Kotzé**
**The Book Traders boekwinkel**
072 997 4813
thebooktraders@gmail.com

**Jeannine de Frene**
Die ATKV Bôrdienghuis-teater
**Kaartjies en besprekings**
061 156 5386

## PEN AFRIKAANS

PEN Afrikaans is 'n skrywersorganisasie wat hom onder meer beywer vir die bevordering van Afrikaanse woordkuns en die letterkunde in die algemeen, sowel as vir uitdrukkingsvryheid en taalregte. Lede van PEN Afrikaans wie se ledegeld opbetaal is, kan Tuin van Digters gratis bywoon.

## KAARTJIEVERKOPE

**Kaartjies kan gekoop word by Quicket by https://www.quicket.co.za/events/289556-tuin-van-digters-2025/**

**Toegang vir Vrydag 12 September**
R100 per volwassene vir Vrydag 12 September (alle programitems ingesluit)
**Toegang vir Saterdag 13 September**
R250 per volwassene vir Saterdag 13 September (alle programitems ingesluit)
**Tweedagpakket vir Vrydag 12 September en Saterdag 13 September**
R300 per volwassene vir 'n naweekkaartjie
**Studente**
R100 per student vir 'n naweekkaartjie (met geldige studentekaart)
**Kinders onder 16**
R50 per dag vir kinders onder 16
**Opbetaalde lede van PEN Afrikaans**
Gratis toegang

## DANKIE AAN ONS BORGE EN ONDERSTEUNERS

Dagbreek Trust, NB Uitgewers, ATKV, Lategan's Sementwerke, Drakenstein Munisipaliteit, Dagbreektrust se trust vir kuns, kultuur en erfenis, Bargain Books Paarl, Naledi, Turksvy Publikasies, Protea Boekhuis, Fiësta/kykNET, Ons Klyntji Internasionaal, PEN Afrikaans, LitNet, Die Burger, Paarl Post, Netwerk24, Wellington Wines, Die ATKV Bôrdienghuis Teater, The Book Traders, Breytenbach Galery, Danté Lötter, Isabeau Media, War Room Media.

## VERBLYFBORG

Cummings Guesthouse

## PROGRAM ONDERHEWIG AAN VERANDERING

Volg @Breytenbachsentrum op Facebook en Instagram en hou die webwerf, www.breytenbachsentrum.co.za, dop vir die nuutste inligting oor die Tuin van Digters 2025.

"Laat ons die ewige kopwonders oor mekaar omskep in ewige woordwonders vir mekaar."

- *The Poet in his own lunchtime*